28 Augustus 2020
NG Gemeente Stellastraat
BLITSNUUS

Hoop vir Stellastraat – *geskryf deur Val Burger*

'n Afdruk van dié skildery het, so lank ek as kind kan onthou, bo my ouers se dubbelbed gehang. Die naam van die kunswerk is *"HOPE"* of dan "HOOP" en is geskilder deur 'n Britse skilder, George Frederick Watts. Die oorspronklike meesterstuk hang nog in die Tate Gallery in Londen.

Die skildery het my vir baie jare gefasineer en dit was eers in my tiener jare toe ek my Ma oor die betekenis daarvan uitvra. Sy vertel toe dat dit "hoop" voorstel. Ek moet bieg, ek kon net nie die prent van die geblinddoekde vrou met haar eenstring lier al sittend op die aardbol, met die tema van Hoop vereenselwig nie. Ek het eers onlangs die kunswerk "geGoogle" en sien toe dat ek nie die enigste een is wat my bedenkinge oor die betekenis agter die skildery gekoester het nie.

Die Skotse teoloog PT Forsyth het gevoel dat *"Hope"* haarself met opset geblinddoek het en luister net na die musiek wat sy op haar lier kan speel. Hy voel dat die sentrale figuur nie self 'n personifikasie van hoop is nie maar wel verteenwoordigend van die mensdom is wat nie met skok na die wêreld wat hy gemaak het wil kyk nie, maar hom/haarself liewers blind hou en in Hoop lewe.

"Leef in Hoop". Lewe ons nie maar almal in hoop nie? Almal van ons in Stellastraat het 'n verlede. So het ons ook 'n toekoms! Ons toekoms mag nou wel nie vir almal oor die volgende 50 of 60 jaar strek nie (dit is wel vir ons kinders en kleinkinders) maar ons kan, behoort en eintlik moet HOOP vir 'n toekoms, ongeag, hoe lank dit mag wees.

Ons het vanoggend op hierdie worderlike lente oggend wakker geword. Die son skyn en die voëls sing terwyl hulle nessies bou. Die pyn in ons rug of bene, of ons angs oor finansies of die eksamen is voorlopig vergete – hoekom? Omdat ons hoop het vir vandag. Hierdie hoop kan groei na 'n week, 'n maand of vir nog baie geseënde jare wat voorlê! Hoop is nie 'n kondisie nie. Dit is die resultaat van 'n spesifieke besluit om positief na die toekoms te kyk, nie-teen-staande die verlede.

Hoop. My ou Wêreldspektrum woordeboek gee die volgende beskrywing van hoop: 1. Verwagting. 2. Dit waarvan 'n mens iets goeds verwag. Dit gee ook die volgende beskrywing van Hoopvol: Wat hoop het, met hoop vervul is; ook wat hoop gee.

Dit is Lente! Moenie jouself met *"HOPE"* in die skildery vereenselwig en jouself aan 'n negatiewe wêreld om jou blinddoek nie. Ons word almal swaar belas deur die huidige inperking. Dit is nou tyd om wakker te word, ons seëninge te tel en in hoop te lewe vir die tyd wat voorlê.

Sondag 30 Augustus se geleenthede

Die 09:00 **Erediens** Sondag word deur Fay gelei. Jy kan na 'n lewendige uitsending van die diens kyk as jy op die volgende skakel kliek **www.youtube.com/c/stellastraatlive** Indien jy dit nie Sondagoggend 09:00 kan doen nie, kan jy die diens later in die dag op Youtube volg.

Vandag nog baklei gesinne soms met mekaar. Die **Kleuterkerk** gaan oor 'n verhaal van twee boeties wat baklei het omdat hulle ouers skuldig was aan voortrekkery. Kyk gerus na die video oor Jakob en Esau (Gen 25:21-34). Hier is die skakel - **https://youtu.be/nNANMr_Omow**

Die **Tuis-Adoramus** is deur Anton voorberei na aanleiding van Moses se ervaring by die Brandende Braambos. Jy kan saam dink oor die gebeurtenis deur dié skakel te volg:-
http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-30-Augustus-1.pdf
En volgende Sondagaand, 6 September, begin ons weer met ons gewone Adoramusdienste! Soos gewoonlik 18:00 in die kapel. Ons gaan al die covid-regulasies nakom, daarom sal dit waardeer word as jy net die Kerkkantoor kan skakel en jou plek vir die geleentheid bespreek, daar is plek vir 20 mense in die kapel. Willem gaan die eerste na-covid Adoramus aanbied. Die inhoud van dié Adoramus gaan wel ook in die Tuis-Adoramusformaat op die Blitsnuus geplaas word.

Jy kan weer Sondagaand 18:00 saam met 'n groep mense Coenie Burger se aanbieding oor Openbaring volg. Dit is deel van ons **Soekligreeks** en is natuurlik weer 'n zoom-aanbieding - jy kan deelneem as jy op die elektroniese uitnodiging inskakel:- **https://us02web.zoom.us/j/86244233923** *Meeting ID: 862 4423 3923.*

Huisgeloof en Jeuggroepe

Huisgeloofvraag
Gesels as gesin oor:
In die verhaal van Jakob en Esau veroorsaak voortrekkery dat 2 boeties met mekaar baklei. Hoe beleef julle voortrekkery in julle gesin? Om te baklei, is maar deel van die gesinslewe. Hoe kan ons as gesin mekaar help dat om te baklei nie iets leliks word nie?

Jeuggroepe
Die **Junior jeuggroepe** bespreek nog steeds die ontstaan-geskiedenis van Israel. Daar word na die aartsvaders verwys as Abraham, Isak en Jakob. Van die drie weet ons die minste van Isak. Daar is wel 'n beskrywing van Isak se gesinslewe wat ons maar alte goed ken nl. 2 boeties wat baklei (Esau en Jakob). Die rede vir die boeties se bakleiery word in hierdie verhaal beskryf as die voortrekkery van die ouers – Isak vir Esau en Rebekka vir Jakob. Hierdie verhaal bied vir ons gesinne vandag die wonderlike geleentheid om saam te gesels oor hoe ons mekaar in die gesin beleef. Lees gerus **Gen 25:21-34**. Hierdie verhaal dien as die agtergrond vir die Kleuterkerk video en ook die Huisgeloofvraag.

In die reeks "Leef waardevol" gaan die **Senior jeugroepe** hierdie week met mekaar gesels oor die waarde van **"verstandigheid"**. Dikwels maak ons die fout om te dink dat geloof en verstandigheid teenoor mekaar staan. Wanneer Jesus sy dissipels uitstuur, dan waarsku Hy hulle om verstandig te wees (Mat 10:16). Die jongmense gebruik die vyf vingers van die hand om waardes te bespreek en die pinkie word dan hierdie week gebruik om ons aan verstandigheid te herinner.

Die groepleiers doen baie moeite met die Gespreksblad en die Zoom-gesprekke. Moedig asseblief die jongmense aan om by die jeuggroepe in te skakel of om die Gespreksblad deur te lees. As jy meer wil weet, kontak asseblief vir Tienie (083 627 5086).

Uitreik

Blikkiessondag
Die uitreikbediening vra dat gemeentelede wat blikkies vir Blikkiessondag wil skenk, dit asseblief in die eerste week van September by die kerkkantoor aflaai.

Drive Thru dankbaarheid!
Baie dankie vir almal wat ons eerste Drive Thru-kosmark ondersteun het! Dankie Fay vir al die reëlings en vir almal wat gehelp het om die ondersteun-mekaar projek moontlik te maak!

Fay vir 'n week buite bereik
Fay en Peet se dogtertjie Amélie was vandeesweek een jaar oud! Hoewel net 'n plesier, is dit soms nogal harde werk, daarom is hulle drie die volgende week 'n bietjie op verlof!

Stellastraat Nuus-aand! 'n Eerste!

Ons nooi almal graag uit na Stellastraat se eerste Nuus-aand op 2 September om 19:00! Ons wil graag uitvind waarmee almal hulself in die dae besig hou. Stuur asb 'n video in van iets wat jou laat lag, iets wat jou laat skaterlag of iets wat jou sommer net van trots laat glimlag. Al die tuis-videos gaan as een video gespeel word en op die manier kan ons al die lekker dinge sien wat om ons aangaan!

Om deel te neem, volg net die volgende instruksies:

1. **BAIE BELANGRIK:** Neem video met foon of kamera dwars ("landscape")
2. Begin video deur te sê "123 begin" en eindig met "klaar". Ons sal die video sny dat slegs die gedeeltes tussen "123 begin" en "klaar" ingesluit word.
3. Praat hard en duidelik.
4. Neem kennis dat 'n klomp mense die video gaan sien, so maak seker jy is gemaklik daarmee dat hulle alles hoor en sien in die video.
5. Stuur jou video na ***stellastraatvideos@gmail.com*** (verkieslik) of na 084 581 8745 (Dewald Muller) voor 26 Augustus.
6. Sê asb vir ons wie is in die video (en as konteks nodig is om te verstaan wat gebeur het).
7. Wees spontaan en geniet dit!
8. Die video moet 45-60 sekondes lank wees.

Skakel gerus in by die Zoom meeting op **2 September om 19:00**:-
https://us02web.zoom.us/j/8334412933?pwd=MFBZc0Q3RFVjQmRDeEtHWC93TC82QT09



1 September op die winkelrakke



Kursus om as spirituele begeleier opgelei te word

Die kursus word in 7 blokke van 3 dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Meestal by Stellastraatgemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by Origins retreatsentrum naby Krugersdorp. Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien. Daar is sewe aanbieders betrokke. Volgende jaar se kursus sal die twaalfde een wees. Aansoeke sluit 30 September 2020 en die kursus begin op 22 Februarie 2021. Volledige inligting te kry by sentrumvirspiritualiteit/aktiwiteite/kursusse/kursus in spirituele begeleiding. Navrae by Willem Nicol, wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.

Kennastraat pastorie te huur

'n Pragtige, groot en ruim gesinshuis te huur in Brooklyn. Vier groot slaapkamers en drie badkamers. Heerlike, sonnige vertrekke met 'n goeie grootte tuin wat maklik onderhou kan word. Groot kombuis met soliede houtkaste met 'n groot opwas en waskamer. Boonop als 'n twee-vertrek huishulpkamer en badkamer. Dubbel motorhuis. Goeie sekuriteit. Optiese vesel (fibre) reeds aangelê. Naby alle goeie skole: Boys en Girls High, Affies en Menlopark-skole, Anton van Wouw en Pta-Oos. Alles vir slegs R17000pm! Water en elektrisiteit is addisioneel. Daar is nie *'pre-paid'* krag nie. Skakel Elna 082 479 5005 of elna@uysiedeklerk.co.za

Jakaranda Kinderhuis

Die Jakaranda kinderhuis het 'n argief wat in werking moet tree, en 'n stelsel moet gevestig word. Indien daar iemand is wat kans sien om vrywillig te help met hierdie projek, skakel asb vir Louise Jackson 083 348 8304.

Ongesteld

Neels Campher het gister 'n groot omleidings-operasie ondergaan.

Ronny Webber-Youngman het ook skielik ongesteld geraak en moes 'n operasie ondergaan.

Carel Chris Swanepoel is ook gister geopereer om 'n gewas te verwyder.

Meegevoel

Johan Visagie se ma Lynette, wat in Nieu - Zeeland woon, is gister na 'n baie lang siekbed oorlede. Ons meegevoel vir hom en Susan en die familie.

Verjaarsdae 30 Augustus - 5 September

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 30 Augustus:
Ria de Clercq, Emily Erasmus, Pieter Meiring, Pieter Nel, Deon van Wyk, Anna Young.

Maandag 31 Augustus:
Charlotte Bosman, Deon Craffert, Lucas du Plooy, Walter Leonhardt, Tobie Louw, Jean-Louis Strydom.

Dinsdag 1 September:
Albertus de Beer, Jocus du Plooy, Francois du Toit, Angus Fletcher, Isabella Grobler, Maryke Herbst, Cindy Holtzhausen, Janine Kotze, André Laäs, Ericka Reyneke, Talitha Schoeman, Henco van Schalkwyk, Marcus van Staden.

Woensdag 2 September:
Ferdi Brecher, Gert Coetzee, Marli Lewis, Hannes Maree, Ronel Odendaal, Anton Pienaar, Elize Roos, Dreyer Swart, Judy van Aardt, Mia van Wyk.

Donderdag 3 September:
Igna Grosskopf, Michelle Smit, Mia-Chanel Swart, Adele van der Linde, Albert van Jaarsveld, Danie van Schoor, Tucker Vorster.

Vrydag 4 September:
Marli Griesel, Lané Hansen, Hannelie Mocke, Marguerite Niemöller, Joe Pretorius, Lisa van Vuuren.

Saterdag 5 September:
Jeanne de Villiers, Logan Dreyer, Dina du Preez, Johnlouis Landskron, Gerda le Grange, Cecilia Swanepoel, Delia van der Merwe, Pieter van Niekerk, Antjie Ziervogel.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za